Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Lees: Hand.11:19-30, Psalm 105:1-15

Teks: Hand.11:26

H.K.: 12:32 (Kandelaar – Reeks Twaalf Artikels nr 5)

Datum: 14 September 2008

Ps's: 72:1,10,11; Geloofsbelydenis; 105:5,6; 105:8,9; 133:1,2

1. Inleiding.

In Sondae 11 en 12a kon ons die rykdom van die evangelie oordink soos dit aan ons geopenbaar word in die Name Jesus en Christus.

Maar hier, terwyl die leermeester van Heidelberg nog besig is om dit aan ons te verklaar, onderbreek hy opeens sy verklaring en praat hy nie meer oor die Christus nie, maar oor die christen.

Is dit nie vreemd nie? Geensins nie, want die Heidelbergse Kategismus wil vir ons sê wat die heerlike Naam Christus vir ons persoonlik beteken. **Danksy** hierdie Naam ontvang ons die ampsnaam christen en kan ons dit ook wees.

In hierdie preek wil ek met u oordink:

1. ons **naam** christen;

2. ons **salwing** as christene; en

3. ons **ampte** as christene.

2.1. Ons **naam** "christen."

In die stadjie Antiochië, 12 Kilometer van die Middelandse see af, waar Sirië en Klein Asië mekaar ontmoet, het dit die eerste keer gebeur dat die dissipels van Jesus ***christene*** genoem is.

Wie hulle dié naam gegee het en waarom, word nie uitdruklik vermeld nie. Maar dat hulle die Naam van Christus verkondig het – dit het sekerlik tot hierdie betiteling aanleiding gegee.

In ieder geval is dit nie die eerste keer dat God se volk hierdie eretitel ontvang het nie. Reeds in die Ou Testament en met name in Psalm 105 vers 15 sê die HERE aangaande die aartsvaders: “Raak ***my gesalfdes*** (my Christene kan ons maar sê) nie

aan en doen my profete geen kwaad nie". In Psalm 105 is dit ***die HERE self*** – veelseggend - wat sy volk so noem. En dan noem die HERE hulle nie net gesalfdes nie, maar ***my*** gesalfdes - die wat Hy self gesalf het, syne.

Ons het hier dus te make met 'n titel, 'n naam wat ook in die Skrifte van die Ou Verbond gegrond is.

Dit is 'n heerlike naam, die naam Christen. Die Naam Christus beteken "Gesalfde" en die naam christen beteken presies dieselfde. Ook ons is dus gesalfdes.

Dit bring ons by die tweede punt:

2.2. ons **salwing** as christene.

Die vorige keer kon ons stilgestaan by die ***salwing van Jesus***. Toe het ons gehoor hoe Hy, na sy doop in die Jordaanrivier, deur die Vader met die Heilige Gees gesalf is. Dit was 'n groot en heerlike gebeurtenis, want daardeur het God self sy Seun aangewys en toegerus vir sy taak as hoogste Profeet, enigste Hoëpriester en ewige Koning.

En nou word hierin v/a 32 verklaar: ***Ook ons is gesalfdes*** van die Here is. Die Here self het ons aangewys en bekwaam gemaak vir 'n heerlike opdrag: Ook die kerk is deur die Here aangestel en toegerus om profete, priesters en konings te wees.

Hierdie salwing het plaasgevind op Pinksterdag. In Handelinge 2 word vertel hoe die Heilige Gees deur die Here Jesus Christus self op die kerk uitgestort is. Pinksterdag was die ***salwingsdag*** van die kerk. In 1 Johannes 2:20 word van die hele kerk gesê: Julle (die gemeente: die dominee en die ouderlinge en die diakens en die lidmate) het die salwing van die Heilige Gees.

Hierdie ***salwing*** is so ***heel persoonlik aan elkeen van ons belowe***. Dit het gebeur in die uur van ons ***doop***. Immers, in die doopsformulier hoor ons die belofte: "... as ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig (1 Kor 12:13) deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe ..."

Die salwing met die Heilige Gees word in die doop aan ons ***belowe***. Maar ons moet weet dat die vervulling van hierdie belofte, dat die ontvangs van die Heilige Gees ook alles met gebed te make het. Ons moet ***ook bid*** om die Heilige Gees. Dit leer ons

Kategismus ook in antwoord 116: Die gebed is noodsaaklik, “omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank”.

Dat ons moet bid - dit kry ons Heidelberger in die Skrif. Want dit is opvallend dat die gebeurtenis van Pinkster omring was deur die gebede van die gelowiges. In Handelinge 1 hoor ons dat die kerk eendragtig volhard het in gebed en smeking. En so, langs die weg van die gebed, is die Gees oor hulle uitgestort.

Ons ontvang die Gees vandag nie op 'n ander manier nie. God wil sy Gees op geen ander wyse gee nie as op die volhardende gebed van sy kerk.

Om Christene, gesalfdes te wees - dit is 'n groot taak en 'n swaar verantwoordelikheid wat op ons skouers rus. Nee, van nature is ons glad nie daartoe nie bekwaam nie. Dit is waar. Maar God laat ons daarin nie aan onsself oor nie. Die salwing met die Heilige Gees beteken immers ook ***bekwaammaking***.

Enersyds roep God ons om Christene te wees. **Andersyds** rus Hy ons ook toe vir hierdie taak. Want let op die woordjies **sodat** en **kan** in ons Kategismus: Ek het deel aan sy salwing het **sodat** ek iets **kan** doen: **sodat** ek as gevolg daarvan sy Naam **kan** bely, myself as 'n lewende dankoffer aan Hom **kan** toewy en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel **kan** stry en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels **kan** regeer.

Ons **kan** – ***deur die Heilige Gees***. Maar dan moet ons goed begryp: Dit is ’n **kan** wat ***nooit losgemaak mag word van Christus*** nie. Dit is ’n **kan** deur die Gees én Christus. Die Heilige Gees plant ons deur die geloof in Christus in – ***dít*** is die rede vir en die geheim van die kan.

Ek kom weer hierop terug.

Ons het die belofte van salwing met die Heilige Gees. Op Hom mag ons altyd 'n beroep doen om ons te help.

Maar die salwing beteken daarom ter selfder tyd ook: Nou kan ek nie meer wegkruip agter my onkunde en niks doen nie, met die verskoning dat ek tog nie vir predikant geleer het nie. Nee, die belofte van die Heilige Gees is daar ook vir my en daarom moet u aan die werk spring.

Ons het almal 'n opdrag en daarna kyk ons vervolgens:

2.3. Ons amp as christen.

1. Ons is eerstens **profete**.

Dit hou in dat ons sy **Naam** kan bely.

Met Naam bedoel die Heidelbergse Kategismus nie net die Naam van Jesus nie, maar die hele Woord van God. Immers, in daardie een Naam Jesus is die hele Woord saamgevat. Woord en Naam is dieselfde. God openbaar Homself, Hy openbaar sy Naam, aan ons in sy Woord. In sy Woord spel Hy sy Naam vir ons uit.

Ons moet sy Naam bely en om te **bely** beteken in die Bybel altyd: ***om in die openbaar vir iets of iemand uit te kom***. In Romeine 1 vers 16 sê Paulus: "Ek skaam my nie vir die evangelie nie." Daarmee bedoel hy: My hart loop oor van trots daaroor; ek kan nie daaroor swyg nie, maar ek wil dit graag vir almal vertel. So moet dit met almal van ons wees. Immers, waar die hart van vol is, loop die mond van oor.Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.

Ons mag dit nie in die hande van die dominee of die kerkraad laat om die evangelie aan ander te verkondig of om teen verkeerde dinge in kerk en samelewing aan te spreek nie. Ons moet almal, kragtens ons salwing, profeteer en uitkom vir ons Here.

Huisvaders, u het 'n besondere profetiese taak: U moet huisgodsdiens hou.

2. Tweedens word ons geroep om **priesters** te wees.

'n Priester, weet u, is ***iemand wat offers bring***. Dit moet ons ook doen kragtens ons amp as priesters: aan die Here 'n offer bring.

Maar ons moet goed verstaan: Die offer wat ons aan God moet offer, is nie 'n soenoffer, 'n offer ter betaling van ons sondeskuld nie. Daardie offer is klaar gebring aan die kruis. Op die altaar van Golgota is volledig betaal vir ons skuld. Daar hoef nie nog iets bygevoeg te word nie. Die offer wat ons moet bring, is dus nie 'n soenoffer nie. Dit is 'n dankoffer.

In Romeine 12:1 praat Paulus daarvan: "Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame sal stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer ..." Op grond van die ontferminge van God, op grond van sy genade wat Hy aan julle bewys het in die offer van sy Seun – stel julle liggame as

offer. Natuurlik beteken dit nie dat ons nou letterlik ons liggame op die altaar moet lê en dit in rook en vlamme moet laat opgaan nie. Met liggaam bedoel die apostel ons hele lewe: Ons ganse handel en wandel moet aan God gewy word. Dit is ons priesterlike roeping.

Ons belangrikste taak as priesters is om te bid. Die offer van die lippe. Dit is die vernaamste dankoffer wat God van ons eis. Rondom die huisaltaar moet julle, huisvaders, die wierookoffer van julle gebede na God laat opstyg. Maar hoe lê die altaar van die huisgodsdiens nie in ons tyd in puin nie en hoe word die gebedsoffer nie verwaarloos deur ons nie. Ons het alle rede om ons voor God te verootmoedig en ons te bekeer. Ons moet weer 'n biddende christendom word.

3. Die derde amp waartoe die Heilige Gees ons salf, is die koninklike amp.

Soos 'n koning moet stry teen sy vyande en hulle moet oorwin om sodoende vrede in sy land te hê, so moet elke Christen stry teen die sonde en die Satan, totdat hy oorwin. Ons is 'n "strydende" kerk. Altyd moet ons die stryd teen die magte van die Satan aanknoop. Ons moet wat aan Christus behoort met alle mag verdedig. Daarom moet 'n Christen nie net nederig en sagmoedig wees nie, maar ook dapper en sterk(2 Tm.1:7) hoewel altyd in die gees van die liefde. Ons moet die volle wapenrusting aantrek, want ons het 'n voortdurende worstelstryd teen die bose geeste in die lug(Ef.6).

So moet ons ook teen ons eie sondes stry, ook die geheime boesemsondes, en ook na buite moet ons die sondes van ander bestraf. 'n Christen kan nooit stilbly as 'n samelewing of regering sondes maar toelaat nie. Ons noem onsself immers Protestante en dié naam kom van die woordjie protesteer. Om te protesteer beteken eintlik "om ter wille van iets te getuig". Ons moet koninklik en met gesag getuig vir die saak van die Koning van alle konings. Ons moet protes aanteken teen die miskenning van sy koningskap en ons moet protesteer teen die afval van ons tyd. Dan eers is ons werklik Protestante en konings.

3. Slot.

- Nadat Christus aan die regterhand van God gaan sit het, het Hy sy Heilige Gees uitgestort (Hand.2:33). **Christus**, die Gesalfde, is ook **die Salwer**: Dit is Christus wat sy kerk salf met die Heilige Gees. Dit is die Gesalfde wat ons tot gesalfdes, tot Christene maak.

- Maar ons moet dit ook nog so sê: Alleen deur **die Gesalfde se ampswerk** kan ek gesalfde wees. Ek kan ***my amp as gesalfde*** nooit as te nimmer losmaak van ***die ampswerk van Christus*** nie. My salwing as profeet, priester en koning het alles en alles te make met die ampswerk van Christus, dit wil sê sy amp as Profeet, Priester en Koning:
    - deur die krag van die Woord van my hoogste Profeet word ek oorweldig en word ek ‘n profeet, wat sy Woord as profeet uitdra;
    - deur die krag van die enige offer van my enigste Hoëpriester kan ek priesterlik my lewe as dankoffer aan Hom toewy; my dankoffer word moontlik gemaak en gereinig en geheilig deur die volmaakte offer aan die kruis; en
    - deur die krag van die kruis en opstanding van my ewige, Oorwinnaar-Koning kan ek weer koning wees. Deur Hom alleen kan ek moedig teen die sonde, die duiwel en sy hele ryk stry en oorwin. In Hom is ons meer as oorwinnaars.

Sonder Christus is ek nie ‘n Christen nie.

Deur Christus is ek ‘n Christen:

- deur sy profetiese amp alleen is ek ‘n profeet
- net deur sy priesterlike arbeid is ek ‘n priester
- slegs deur sy koninklike ampswerk is ek koning.

My amp as profeet, priester en koning is gewortel en gegrond in die ampswerk van my Christus.

Dit is … deel hê aan sy salwing.

AMEN.